

## **Sing vooraf: Psalm 47:1, 4 (p. 240)**

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,  
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar  
van die heidendom. Vorsten en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.  
Skild en teëweer is van U, o Heer! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm: Psalm 48:1, 4 (p. 243)**

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

**Gebed**

## **Psalm 33:7 (p. 159)**

- 7 Die HEER wat bo die wentelkringe / van son en maan sy rykstroom stig,  
aanskou die mense en alle dinge – / daar's niks bedek voor sy gesig.  
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning, / sien Hy, Skepper-HEER,  
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë / op sy skepsel neer.

**Skriflesing: Openbaring 5:11-14; Psalm 91**

**Teks: Psalm 91:1; Kategismus Sondag 19**

**Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. (Psalms 91:1 AFR1953)**

Dit gaan oor die Koning van die kerk – Jesus Christus ons Here.

- Ons leer in die Ou Testament al dat die Here oor alles regeer en dat Hy die geskiedenis bepaal.
- Die Here Jesus Christus se Naam, soos ons dit in die Nuwe Testament leer ken, kom nie daar voor nie.

Daarom gaan ons kyk presies hoe Hy volgens Bybel oor ons regeer.

Ons gee aandag aan die volgende twee sake:

- 1. Wie is die Here Jesus, die Koning van die kerk?**
- 2. In watter verhouding staan ons tot hierdie Koning?**

## 1. Wie is die Here Jesus, die Koning van die kerk?

Die Koning van die kerk was van die Paradystyd af die Here Jesus Christus.

- Die Here het Hom aan Eva kom aankondig net na die sondeval toe Hy beloof het dat daar iemand uit die vrou se saad gebore sal word wat die slang se kop sal vermorsel.
- Hy is dus aangekondig as Oorwinnaar oor en Verslaner van die magte van die hel.
- Hy is dus die Koning wat met sy almagtige heerskappy Eva se saad wat in vyandskap met die slang lewe, sal verlos van sy aanslae op hulle.

Ons praat seker soms te maklik oor Jesus Christus – sonder dat ons werklik beseft dat Hy God self is en hoe almagtig Hy is.

- Die beloofde Verlosser van Genesis 15 – die Here Jesus – het toe gekom. Net soos God voorspel en belowe het.
- Dit het heeltemal waar geword dat Jesus tydens sy aardse lewe die genade van God oor ons kom volbring het.
- Hy het verlossing vir ons bewerk en Hy het soveel vreugde gebring sodat ons tydens ons aardse bestaan al in die blydschap en krag van sy verlossing mag leef.

*Maar dit is ook waar dat die Here Jesus nie net 'n Koning van genade is nie. Hy is terselfdertyd die almagtige God wat koninklik die mag het om neer te werp.*

Dit hoor ons nie so baie nie.

- Meestal hoor ons in preke en in gesprekke net dat Jesus sondes vergewe.
- Dit mag die indruk laat dat die Here Jesus glad nie so streng is teen die oortreding van sy Woord nie.

Dit is waarom daar mense is wat die indruk het van die Christelike godsdiens dat jy maar geredelik kan aanhou sondig; solank jy net glo, is alles reg, want die Here Jesus is daar om te vergewe.

Mens moet nie dinge uit verband ruk nie.

- Daarom kan ons nie vassteek by Jesus se genade oor ons nie, want die Here Jesus se dood en opstanding het nog 'n kant.
- Dit is dat Jesus ook God is wat alles wat hulle teen God verset, met mag neerwerp.
  - Hy is God wat geregtigheid en bekering eis.
  - Hy straf die wat ongehoorsaam is.
- Sy straf is so geweldig dat Hy uiteindelik alle ongelowiges verdelg.
  - Hy werp al die magte van die duiwel saam weg in die ewige poel van vuur wat die hel genoem word.

Dis waarom ons ook bely dat Jesus aan die regterhand van sy Vader sit. Dit staan in Efesiërs 1:20:

- **wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het**
- **en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word,**
- **nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.**
- **En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp**
- **en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,**  
(Efesiërs 1:20-22 AFR1953)

Uit hierdie gedeelte in die Bybel is dit duidelik dat God sy mag en regering oor die kerk openbaar in die Here Jesus Christus.

- Ons kan dit anders sê: God regeer deur die Here Jesus Christus.
- Dit is ook die simboliese betekenis van die woorde:  
**en Hom laat sit het aan sy regterhand.**

Die feit dat die Here Jesus aan God die Vader se regterhand sit, beteken dat Hy regeer met die volle mag van God.

Vir die kerk beteken dit natuurlik genade.

- Daarmee kry die gelowiges die bevestiging dat hulle Verlosser in volle beheer van die geskiedenis is.
- Maar dit preek ook skerp oordeel vir letterlik alles buite die kerk.

Dit sluit aan by 1 Korintiërs 15:24-28. Daar staan geskryf dat die einde eers kom wanneer die Here Jesus die koninkryk aan sy Vader oorgee.

- Die oorgee van die koninkryk gebeur ook eers nadat die Here Jesus alle heerskappy en gesag en mag op die aarde tot niet gemaak het.
- Kyk net wat word onderstreep: Die Here Jesus heers as Koning wat sy vyande onder sy voete stel.

Die Here Jesus is dus God wat oordeel.

- Hy verslaan en maak tot niet.
- Maar terselfdertyd rig Hy ook 'n koninkryk op (v. 24, 25).

Hy doen dit omdat Hy as Koning heers oor alle magte, selfs die dood (v. 25, 26).

- Ons bely dit ook: Hy kom om te oordeel oor die lewendes en die dooies.
- Deur Hom regeer God dus letterlik oor alles.

## **2. In watter verhouding staan ons tot hierdie Koning?**

Die ware gelowiges – ons – staan nie onder die oordeel van die Here Jesus nie.

- Dit beteken nie dat niemand onder die oordeel van die Here Jesus kom nie.
- Die feit is dat ons moet onthou dat almal wat Hom verwerp, en soos ongelowiges in sonde lewe, in konflik kom met die Here Jesus Christus.
- Met ander woorde, as ons glad nie belangstel om van ons sondes bekeer te word nie, loop ons ons vas teen die almag van sy oordeel.

U moet nou kyk na die genade wat in al hierdie dinge geopenbaar word.

- Vir die ware gelowiges is Jesus die Gewer van genade.
- Hy vervul ons met die volheid van God se genade.
- Hy stuur die Heilige Gees om ons te lei sodat ons uiteindelik in die hemel staan.

Die gawes wat die Here Jesus Christus gee, het dieselfde karakter as Hyself: dit is onverganklik en onvernietigbaar.

- Johannes 7:38 leer dat die Here Jesus gesê het dat strome van lewende water sal vloei uit die binneste van die wat in Hom geglo het.
- Daar staan dat dit verwys na die mense wat die Heilige Gees sou ontvang – ons weet mos nou dat ons onder daardie mense tel.

Kyk nou na die troos wat daar in hierdie dinge ingebou is.

- Die konsekwensies van al hierdie dinge is dat die Here (jou Koning) jou ook nie in die steek sal laat wanneer jy in die moeilikheid is nie.
- Die Here Jesus wend sy volle almag aan tot jou beskerming sodat jy nie die genade van God sal misloop wanneer jy sterf nie.
- Die betekenis is dat ons in ons onmag nie verlore raak nie maar altyddeur deur God beskerm en bewaar word.

Ons het baie vyande. Eintlik het ons net een vyand, en dit is die duivel, maar hy het baie gebiede waarop hy sy haat op ons uithaal:

- Hy gebruik mense, siekte, oorlog, spanning, haat en nyd, selfs ongeloof en twyfel.
- Hy probeer letterlik enige iets om ons van die Here af weg te neem.

Nou kom die almagtige en verlossende God en Hy leer ons deur sy Woord en sy Gees dat sy almag geen perke het nie, en dat alle dinge – selfs die duivel en sy mag – ingesluit is onder sy mag.

- Daar is niks wat jou kan aanval waarteen die Here Jesus jou nie kan beskerm nie.
- En dan: God is nie net liefde nie.
  - In Homself het Hy die lus om alles wat sleg is te vernietig.
  - Hy wil dus die dinge wat ons bedreig self wegneem uit sy koninkryk.

God se Koningskap sny die hele skepping in twee: Die deel wat Hom liefhet – en die wat Hom haat.

- Die wat hom liefhet, beskerm Hy.
- Die wat Hom haat, vernietig Hy.

Die Koning van die heelal troos jou dus dat jy onder sy beskerming staan, en aan Hom behoort.

- Maar Hy waarsku jou ook teen selfbedrog.
- Moenie jouself gerus maak oor die Here Jesus se liefde en dan soos 'n duivel lewe nie.
- Die duiwels kry nie genade nie, en hulle word vernietig.

Kom ons lees Kategismus Sondag 19 saam – daarin bely ons dinge wat die almag van die Here Jesus Christus raak.

**Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?**

**Antwoord:** Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a) Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

**Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlijkheid van ons Hoof Christus vir ons?**

**Antwoord:** Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a) Hand 2:33; Ef 4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Ef 4:8.

**Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?**

**Antwoord:** Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlijkheid saamneem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 19 Augustus 2007

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 3 Augustus 2014